**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Hersiening Nr. : 126/2006**

In die hersiening tussen:-

**<u>DIE STAAT</u>**

*versus*

**<u>JOSIAH VILAKAZI</u>**

---

| | |
|---|---|
| **<u>CORAM:</u>** | KRUGER R *et* C.J. MUSI R |
| **<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** | KRUGER R |
| **<u>GELEWER OP:</u>** | 30 MAART 2006 |

---

[1] Hierdie saak is deur die Distrikshof te Parys oorgeplaas na die Streekhof vir vonnis. Daar die getranskribeerde notule wat aan die streekhoflanddros, Kroonstad, voorgelê is gebrekkig was, is die saaknotule na die distriklanddros terugverwys vir rekonstruksie.

[2] Die distriklanddros het laat weet dat hy nie instaat is om die

saaknotule te rekonstrueer nie omdat die bande verlore geraak het.

[3] Weens die gebreke in die saakrekord is daar twyfel by die streekhoflanddros of die verrigtinge in die Distrikhof ooreenkomstig die reg geskied het en of die beskuldigde regtens korrek skuldig bevind is.

[4] Hy versoek nou hierdie Hof om die verrigtinge tersyde te stel.

[5] Gevolglik word die verrigtinge tersyde gestel.

**A. KRUGER, R**

Ek stem saam.

**C.J. MUSI, R**

/sp